

Roland Schoeman DIE ‘ONMOONTLIKE’ DRYF MY

Op 33 is die SA Olimpiese swem-ster **Roland Schoeman** nog lank nie klaar meegeding nie. Hy’s verslaaf aan die energie – en hy sál jou verkeerd bewys as jy dink hy’s te oud!

DEUR GLORIA CILLIERS FOTO’S PHYLLIS GREEN STILERING FANIE CRONJÉ

Op 33 stof hy steeds die jonges uit. Roland Schoeman. Wêreldrekordhouer. Olimpiese swem-ster.

Soveel swemmers het al gekom en gegaan sedert hy sy Olimpiese debuut in die 50 m-vrslag by die Olimpiese Spele in Sydney in 2000 gemaak het. Maar Roland presteer. Jaar in en uit ...

Sedertdien het hy al 10 wêreldrekords verbeter en twee geëwenaar, drie Olimpiese medaljes verower. Is hy die eerste man in die geskiedenis wat die 50 m-vrslag in onder 21 sekondes en die 50 m-vlinderslag in onder 23 sekondes kon swem. Die wêreldrekord in die 50 m-vrslag (kortbad) staan reeds sedert 2009 agter sy naam en tot dusver vanjaar het hy die vinnigste tye in die 50 m-vlinderslag (kortbad) en 50 m-borsslag (kortbad) aangeteken.

Hy’t bewys hy’s Meneer Konstant.

“Ja, Mister Consistency, dis wat my pëlle my noem,” glimlag hy waar ons by ’n restaurant in Pretoria gesels. Dis kort nadat hy uit Phoenix, Arizona, waar hy deesdae woon, aangekom het om aan die Suid-Afrikaanse swemkampioenskap en Statebondspele-proewe in Durban deel te neem. Hier het hy weer eerste gekom – met die vinnigste tyd ter wêreld in die 50 m-vlinderslag en vyfde beste tyd ter wêreld in die 50 m-vrslag vanjaar.

Hy kom gereeld huis toe, nie net vir kompetisies nie, want oorsee mis hy sy ma, Geraldine, sy suster, Samantha, en sy geliefde golden retriever-hond, Zimbali. “En biltong,” voeg hy gou by.

“Ek’s op my gelukkigste wanneer ek in die water of by my familie is.”

Die aantreklike blondkop is vandag steeds die mededingende, gemotiveerde sportheld van 15 jaar gelede. Tog is hy meer volwasse, erken hy, want die lewe het hom ’n paar lesse geleer. Soos hoe om jouself te bly ten spyte van kritiek teen sy ouderdom. “En dat jy jou slegs teen jouself moet meet.”

Roland mik nou na sy vyfde Olimpiese Spele, wat in 2016 in Brasilië plaasvind. Dan sal hy die eerste Suid-Afrikaner in die geskiedenis wees om aan ’n vyfde Spele deel te neem.

“Uiteindelik is dit net die Spele wat tel. Dís waar jy bewys jy’s die beste ter wêreld,” sê hy. Hy wêét. Want hy hét dit al gedoen.

Ter voorbereiding neem hy in Julie aan sy vyfde Statebondspele in Skotland deel en van Augustus tot November lê die wêreldbekerreeks van agt byeenkomste in Europa, die Midde-Ooste en Asië voor.

“Ek gaan nog lank nie ophou nie,” sê hy vasbeslote. “Ek wil so vinnig swem as wat ek nog kan.”

Sommige mense sê jy’s te oud om te kompeteer. Hoe voel dit om daardie stereotipe elke keer verkeerd te bewys?

Dit maak my eintlik nogal vies as mense sê ek’s te oud. Volgens wie? Jy bepaal mos jou eie perke. Die swemmer Dara Torres [van Amerika], wat al 12 Olimpiese medaljes gewen het, waarvan een op 41-jarige ouderdom, het lank met my gepraat hieroor. Sy’t bewys jy kán die beste in die wêreld wees as jy wil. Sy’s ’n groot inspirasie en rolmodel.

Wat dryf jou om steeds mee te ding?

Ek het nog nooit geluister as iemand vir my sê ek kan iets nie doen nie. Wie kan vir my sê wat my doelwitte moet wees, of dat ek te oud is? Ek besluit dit self. Ek glo in myself. Daar sal altyd mense wees wat jou kritiseer. Ek’s gelukkig oor my keuses en volg my eie kop. Wat my dryf, is dat ek nooit wil ophou grense breek nie. Ek wil jou verkeerd bewys. Aanhou verbeter. Om fiks te bly en myself te druk om iets te doen wat ek as onmoontlik beskou het, dryf my ook. Ek’s mal oor die gevoel van kompetisie, wanneer jy soos die eertydse gladiators saam met ander deelnemers in die middel van ’n arena staan en julle gaan meeding “vir glorie, vir volk en vaderland”. Daai energie is verslawend.

Die geheim van jou langlewendheid?

Ek dink dit tel in my guns dat ek nogal laat in my loopbaan [op 14] begin swem het. Ek het nie vroeg uitgebrand nie. Ek oefen ses dae per week vir twee tot ses uur. Die resep is dat ek aanhou doelwitte stel. Ek wil die beste wees wat ek kan wees. Ja, ek sal eendag aftree, maar ek sal self besluit wanneer.

Versorging Heidi Gouws Klere Zara

Roland se vriende noem hom Mister Consistency.

Watter invloed het jou ma, Geraldine, op jou loopbaan gehad?

My pa, Roland, is in 'n motorongeluk dood toe ek 16 en my suster, Samantha, 15 was. Sy's 'n ongelooflike sterk mens, 'n goeie voorbeeld vir alle enkelouers, en sy was nog altyd daar vir my. Sy's my grootste *fan*. Sy het altyd gesorg dat ek alles het wat ek nodig om die beste te wees. Selfs toe ek drie dae ná matriek Amerika toe is, het sy my nie teruggehou nie. By haar het ek geleer hoe om waarlik onselfsugtig te wees en hoe om iemand ten volle te ondersteun.

Was jy as kind die waterbaba in die gesin?

Ek was van kleins af altyd in die swembad, mal oor die see. Ek het aan alle sportsoorte deelgeneem. Dit het van my 'n atleet gemaak en my 'n groot voordeel gegee, want vandag is ek meer atleties as swemmers wat hul hele loopbaan net op swem gefokus het. Kleintyd wou ek eintlik MacGyver word!

Toe jy op 14 begin swem het om 'n meisie te beïndruk, het jy ooit gedink jy sou vandag 'n Olimpiese swemheld en wêreld-rekordhouer wees?

Daar was darem nog 'n rede hoekom ek begin swem het, ek wou soos een van my pëlle 'n driekampatleet wees. Ek het toe met driekamp begin, maar niks van hardloop gehou nie! Nee, ek sou nooit tóé kon dink ek sou wees waar ek vandag is nie. Dis moeilik om in sport jou loopbaan te bepaal. Hoe beter ek presteer het, hoe meer het ek in myself geglo. Maar jy weet nooit regtig of jy gaan wen nie.

Hoe't jy dit dan reggekry om so vinnig opgang te maak?

Dinge was nie altyd so maklik nie. In die begin het ek baie gesukkel, juis omdat ek so laat begin swem het. Ek's ook 'n asmyler en het eers in 2004 behoorlike behandeling gekry. Aanvanklik het ek myself heeltyd met my pëlle vergelyk. Jare lank was my grootste probleem dat ek myself heeltyd met my kompetisie sou vergelyk. As jy 'n wêreldrekord verbeter, maak dit jou juis meer onseker want jy wonder of jy dit weer kan doen. Ek't 'n paar jaar gelede eers besef jy moet jou nét teen jouself meet. Daar's steeds 'n deel van my wat kyk wat my kompetisie doen, maar ek besef ek't nie beheer oor wat hulle doen nie.

Wat verg dit om 'n Olimpiese swemmer te word?

As jy die beste in die wêreld wil wees, is dit 100% talent, 100% harde werk en 100% motivering.

Watter invloed het dit op jou gehad om sonder jou pa groot te word?

Dis teleurstellend dat hy nooit die kans gekry het om my by 'n Spele te kon sien meeding nie. Ná sy dood was ek die man in die huis. Dis 'n groot verantwoordelikheid. Ek ont-hou ek wou nie op sy begrafnis huil nie, want ek het gevoel ek moet sterk wees vir my ma en suster. My kinderjare was beslis nie gewoon nie. Ek moes die verantwoordelike een wees. Ek glo dit het my sterker gemaak. Ek't ook geleer hoe om vroue te respekteer en hanteer ... en dat dit nie maklik is om saam met hulle te bly nie!



AS JY DIE BESTE IN DIE WÊRELD WIL WEES, IS DIT 100% TALENT, 100% HARDE WERK EN 100% MOTIVERING

Roland Schoeman

Die ma van 'n 10-jarige swem-ster is onlangs in die Bloemfonteinse streekhof aan kindermishandeling skuldig bevind omdat sy haar erg gedruk het om te presteer. Hoe dink jy moet ouers hul kinders motiveer?

My ouers het my nooit gedruk nie, maar as ek iets aangepak het wat ek self wou doen, het hulle gesorg dat ek dit klaar maak. Daar's deesdae baie geld in veral rugby en ouers sien nie noodwendig die slaggate raak nie. Kinders behoort aan alle sportsoorte deel te neem, dan self te kies op watter een hulle wil fokus. Dis iets wat ek eendag vir my kinders wil leer.

Hoekom sukkel jy om borge te kry?

Dis al jare lank my grootste uitdaging. Sakeondernemings in Suid-Afrika het sowat tien jaar gelede besluit hulle borg eerder net spansporte. Hulle het 'n klomp verskonings en die meeste bemarkingsagente is nie kreatief genoeg om uit die boks te dink oor hoe om 'n swemmer te gebruik nie. Dis hartseer, want daar's geen beter rolmodelle as swemmers nie. Ons presteer by Wêreldkampioenskap-byeenkomste en die Olimpiese Spele. Ons sukses is meetbaar op 'n horlosie. Elke dag bewys ek myself. Ek kry tans net steun van Saskok [SA Sportfederasie en Olimpiese Komitee] en my agent in Amerika probeer borge kry. Dis frustrerend. Nie net vir myself nie, vir al ons swemmers.

In 2005 het jy 'n kontrak van meer as R40 miljoen van Katar van die hand gewys, juis omdat jy trots is om Suid-Afrikaans te wees. Is jy vandag spyt daaroor?

Dit was destyds die regte besluit. Ek's nie spyt nie, maar ek wonder partykeer 'wat as'.

Hoekom bly jy so lojaal teenoor Suid-Afrika?

Dis wie ek is. Trots Suid-Afrikaans. Baie mense het my gekritiseer toe ek die eerste keer Amerika toe is. Ek het in 2008 teruggekom en ons swemstelsel uitgetoets. Met 'n Pretoriase afrigter gewerk en glad nie goed geswem nie. Toe kritiseer mense my omdat ek swak swem. Amerika het die beste geriewe. Die blootstelling daar is van onskatbare waarde. Maar ek sal altyd vir Suid-Afrika swem.

Hoe voel dit regtig om te kan sê jy's die beste swemmer in jou land én ter wêreld?

Toe ek jonger was, was dit alles vir die glorie en roem. Ek was hardkoppig, selfsugtig. Vandag hoef ek myself nie meer te bewys nie. Wanneer ek eendag terugkyk, wil ek kan sê ek was myself en het die lewe, en my loopbaan, ten volle geniet.

Swem jy heeldag of het jy ander stokperdjies?

Ek speel gholf en het begin visjag. Ek lees graag en braai saam met familie of vriende.

Volg jy die Oscar Pistorius-moordsaak?

Ek ken vir Oscar maar het nooit vir Reeva [Steenkamp] ontmoet nie. Ek kyk so nou en dan omdat ek in die reg belangstel. Maar daar's soveel drama in die lewe, ek wil nie nóg in myne hê nie.

Hoe erg is die druk of stres in wêreldklas-atlete se lewe?

Dit kan taf wees, dit hang af hoe jy dit hanteer. Toe ek jonger was, was ek so naïef dit het my nie gepla nie.



◀ Ek (middel) op twee saam met Samantha (l) en my ma, Geraldine, op die strand by Nature's Valley. Ek was nog altyd mal oor die see.



◀ Op ses, toe ek my eerste swemkompetisie gewen het.

MY FOTO'S

▼ Met my drie Olimpiese medaljes.



Aan die werk vir die Roland Schoeman Stigting.



Gaan na **SARIE.com** vir 'n video-onderhoud met Roland